

SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: MATTEUS 26:57, 62-68; HEBREËRS 4:14-16

Kajafas, die minderwaardige hoëpriester

In hierdie twee stukke vind ons 'n groot kontras, naamlik die tipe hoëpriester wat ons kry. In Matteus lees ons van die hoëpriester as 'n sondige mens wat uit die mense gekies is. In Hebreërs lees ons van die hoëpriester wat mens geword het vanuit die hemele, ons lees van ons Redder wat God en mens is, Jesus Christus.

Kajafas, as hoëpriester, kon net die amp behou het tot die koms van die ewige hoëpriester. (Lees gerus Hebreërs 5 vir meer inligting.) Toe hy egter die kans gekry het om Jesus te loof en te prys en Hom bo homself as Hoëpriester aan te stel, het Kajafas liever vir Jesus verneder. Kajafas het probeer om sy werk te behou, hy het sy lewe normaal probeer hou. Kajafas het probeer om op sy eie genoeg te wees.

Dit is verskriklik hartseer dat ons ook baie keer 'n verhouding met Jesus Christus wegstoot ten gunste van ons eie werk of net 'n normale lewe. Gelukkig kan ons nie die genade van God keer nie. Gelukkig het ons 'n groot Hoëpriester wat deur die hemele gegaan het. Hierdie Hoë-priester weet wat dit is om versoek te word deur sonde, al het Hy nie onder die versoeking geval nie. Omdat hierdie Hoëpriester God en mens is, kon Hy vir ons sondes betaal het as Hoëpriester. Daarom kan ons met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan.

Ons kan om hulp roep tot ons Hoëpriester, met die wete dat Hy ons verstaan en vir ons sondes betaal het.

Sing: Psalm 110-1:1, 2, 5

Teologiese Student Zander van 't Zand